**Klein Kariba Negester**
**Omgewingsbelangegroep**

7 Mei 2019

# OMGEWINGSBELANGEGROEP (OBG)

Ter agtergrond; kort na intrek geneem is in 2016 het Arrie Schreiber met Dr Kotie Kruger gesprek gehad by Wildeseringstraat 395 en het Arrie uitgewys dat die beoogde wandelpaadjie direk op privaatheid van die inwoners om die singel so indruis. Dr Kruger het daar en dan besluit dat die paadjies nie tot uitvoer gebring moet word nie.

Die gesprek het verder tot gevolg gehad dat Arrie en Flip Snyders saam met Menno Klapwijk die wandelpaadjies uitgeloop en gemerk het (Klipspringer, Duiker, Tarentaal en Bospatrys).

Beleggers het in Negester belê vanweë die rustigheid van die omgewing. Per slot van rekening soos op die webwerf bemark word:

*"...waar die Suiderkruis witter as die stedeligte in jou siel bly skitter"*

*Wanneer dit kom by rus en vrede, kan min dinge kers vashou by die Bosveld se oop stiltes. Nou kan jy ook wakker word met 'n kletsende Bospatrys as alarm.*

*Met Negester Klein-Kariba maak die ATKV jou Bosvelddrome waar. Hierdie volhoubare leefstyl-landgoed, aangrensend tot ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord, is perfek vir vyftigplussers op soek na 'n rustiger leefstyl.*

Die stilte, rustigheid en atmosfeer eie aan die plek, veral teen laat middag wanneer die bouspanne vertrek het en oor naweke, is vir ons `n uiters aangename ervaring. Die Bosveld atmosfeer van Negester moet so ver moontlik behoue bly.

Meer volledig: Die atmosfeer van `n plek word goed gedefinieer in Engels naamlik:

*"Sense of place…often used in relation to those characteristics that make a place special or unique, as well as to those that foster a sense of authentic human attachment and belonging…." …the atmosphere of a place*

Dit kan dus gestel word dat die atmosfeer van `n plek `n kwaliteit ervaring tot gevolg sal hê.

Daar kan nog verder uitgebrei word hierop maar dis voldoende vir die doel van hierdie skrywe.

Die uitkoms van al hierdie deelname was die vorm van `n aksiegroep wat basies bestaan het uit die vorige Oordbestuurder, Arrie en Flip.

Die doel van die groep is om advies (eties korrek as moontlik) aan die HEV direksie te verskaf rondom omgewings aspekte en indien die HEV direksie voorstelle aanvaar dit dan uit te voer.


Verdere aktiwiteite wat voorsien word sluit in praatjies en aanbiedinge bv:

- ✓ Voëls-kykuitstappies
- ✓ Waterberg Biosfeer – geologie en ekologie in die algemeen

- ✓ Kransaasvoëls
- ✓ Dendrologiese uitstappies in Negester en elders asook merk van bome
- ✓ Ekologie

Dis verder opgevolg deur die daarstelling van `n kommunikasiestruktuur op Negester en het die groep `n naam gekry naamlik die Omgewingsbelangegroep of OBG

Lede op die OBG is hoofsaaklik gekoöpteer met die oog op bydrae wat betrokke persone kan lewer.  Niemand is verplig om deel te wees nie en kan enige tyd onttrek.  Die struktuur van die OBG sien tans soos volg daaruit:




As doelwitte gestel strewe die OBG na die volgende:

- ➢ Organiseer praatjies
- ➢ Merk van bome op landgoed
- ➢ Adviseer ivm inheemse plante, ens
- ➢ Uitstappies voëls, bome, geologie, ens
- ➢ Bestuur van wilde diere op landgoed
- ➢ Hantering van probleemdiere
- ➢ Ontwikkel riglyn itv estetika en etiek
- ➢ Algemene terreinsake in samewerking met bestuur
- ➢ Ens